

## 1. INLEIDING

Enige siening wat 'n ekonoom mag hê oor die werklike en/of wenslike verloop van ekonomiese gebeure oor sê 'n tydperk van 20 jaar, word na my mening deurslaggewend bepaal deur die paradigmatiese benadering waarmee die betrokke ekonoom hom bewus of onbewus vereenselwig - d.w.s. dit hang af van die skool van denke waarmee die ekonoom homself assosieer.

Hierdie geleentheid is sekerlik nie een wat geskik is vir 'n geleerde diskoers oor die betekenis van paradigmas en vir 'n gedetailleerde indeling van die paradigmas waarmee verskillende ekonome hulle bedien het nie. Aan die ander kant is dit egter nie moontlik om my eie vertrekpunt te verduidelik sonder ten minste 'n skematiese weergawe van paradigmas in die Geskiedenis van Ekonomiese Denke nie.

Vir die doeleindes van ons gesprek, is dit waarskynlik voldoende om tussen drie hoofstrominge (of paradigmatiese benaderings) in die Geskiedenis van die Ekonomiese Denke te onderskei:

- (a) Die kousaal-meganistiese benadering van die liberale of regsgeoriënteerde skole. Hiertoë behoort die Klassieke Skool, die Neo-Klassieke Skool, die sg. New-Economics en die Neo-neo-Klassieke Skole of Monetariste.
- (b) Die histories-materialistiese benadering van die Marxisties of linksgeoriënteerde skole. Hiertoë behoort Marx, die Revisioniste, Lenin, Mao, die Demokratiese Sosialiste (welliswaar tot 'n mindere mate) en die Neo-Marxisme en die sg. Radical Economics.
- (c) Die teleologies-funksionalistiese benadering van die "middelgroep" wat tot dusver hoofsaaklik kritiek op die regse en na linkse paradigmas gelewer het en moontlik nog nie daarin geslaag het om so 'n hegte paradigmatiese skool of benadering te vorm soos óf die regs-liberale óf die links-radikale denkstrominge nie. Hiertoë behoort die Duitse



Romantiese, Nasionalistiese en Historiese Skole (moontlik ook die Franse Fisiokrate), die Amerikaanse Institusionalisme, die Neo-Institusionalisme en "Strukturele" benaderings wat soms ook as die Post-Keynesiaanse benadering bekendstaan. (’n New Economist soos Samuelson maak ook daarop aanspraak dat hy tot die Post Keynesiaanse skool behoort maar dit is seker meer korrek om die New Economics liever as Neo-Keynesiaans te bestempel).

Die kousaal-meganistiese benadering van die regs-liberale skole is na my mening uitgedien en in elk geval ’n benadering wat van weinig waarde is vir ’n betekenisvolle analise van die Suid-Afrikaanse probleemsituasie en vir die formulering van ’n hervormingsbeleid. Ongelukkig is dit ’n benadering wat besonder populêr is in Suid-Afrika. ’n Mens begryp die populariteit daarvan eers as ’n mens besef dat dit in wese ’n status quo-benadering is. As ’n status quo-benadering het dit (en die daaruit voortvloeiende oordrewe vryemarkretoriek) ’n propaganda-instrument geword vir die behoud van gevestigde belange. Dit is dan ook nie verbasend dat die vrye-markretoriek sy oorsprong en sy onderskraging hoofsaaklik uit die ryk Engelstalige sakekringe ontleen en in die jongste verlede ook baie populêr geword het in Afrikaanse sakekringe met uitgebreide sakebelange nie. Die paradigmadiese kenmerke van hierdie benadering word in die Addendum uitgesit.

Die histories-materialisme van die links-radikale denkstrominge is eweneens te ekstremisties en beslis nie van waarde vir diegene wat strukturele verandering langs evolusionêre weg wil bewerkstellig nie. Alhoewel hierdie benadering soms waardevol is vanweë die soort diagnose wat dit van strukturele wanverhoudings maak, behoort dit tot die wese van hierdie paradigma dat dit geen ander oplossing as ’n revolusionêre en radikale een voortstaan nie. Die geskiedenis het reeds bo alle twyfel bewys dat die gevolg van ’n revolusie of radikale verandering nie die beloofde utopia is nie, maar groter strukturele dwange en diktatuur as wat voor die revolusie bestaan het. Ongelukkig vind hierdie paradigmadiese benadering ’n sekere mate van aanklank in veral Swart kringe. Die paradigmadiese kenmerke daarvan word ook in die Addendum uitgesit.



## 2. DIE TELEOLOGIES=FUNKSIONELE BENADERING VAN DIE "MIDDELGROEP" OF DIE INSTITUSIONALISTE

Die teleologies-funksionalistiese benadering van die "middelgroep" of die Institusionaliste gaan uit van die veronderstelling dat die mens homself daarin onderskei van die dier dat hy hom bewustelik verantwoord oor sekere doelstellings wat hy graag wil bereik en sy optrede dan sistematies inrig of organiseer (deur middel van verskeie instellings) om die gestelde doelstellings so goed as moontlik te verwesenlik. Deur hierdie aspek van menswees te beklemtoon, stel die Institusionele benadering hulle essensieel op 'n teleologies-georiënteerde benadering. Dit beskou die ekonomie as 'n stelsel wat saamgestel is uit 'n veelheid van instellings, organisasievorme en tradisies. Dit handhaaf dus 'n institusionalistiese siening van die Ekonomie. Die bestaansreg en die verdienstelikheid van die stelsel en sy samestellende dele, hang volgens hierdie benadering af van hoe funksioneel dit is m.b.t. die doeleinde(s) waarvoor dit in die lewe geroep is. Aangesien verskeie van die instellings en organisasievorme tot stand gebring is om die belange van belangegroepes (pressiegroepes) te behartig, heers daar uiteraard 'n mag- en bedingingstryd tussen pressiegroepes en is sterk middelpuntvlietende kragte werksaam wat 'n ernstige konflik of potensiële konfliksituasie kan skep. Gevolglik moet die stelsel as geheel so georganiseer en aangepas word om die gevare van 'n konflik of potensiële konfliksituasie af te weer of in bedwang te hou. Ekonomiese beleid en institusionele (of strukturele) aanpassings moet voortdurend plaasvind om - gegewe die moontlikhede wat die (gegewe) omgewingsinsette skep en die perke wat dit stel enersyds, en die (haalbare) prioriteite wat die gemeenskap graag wil verwesenlik, andersyds - die DOELMATIGHEID van die stelsel te verseker en om ongeoorloofde "strukturele dwang" en wanverhoudings wat in die stelsel "vasgegroeï" geraak het so goed as moontlik deur strukturele hervorming uit die weg te ruim. Sodanige strukturele hervorming is vanweë die weerstand wat magsgroepes bied, nie altyd maklik deurvoerbaar nie.

Hierdie benadering is essensieël gemeenskaps-georiënteer en beskou die gemeenskap as 'n "organisasie" geheel wat meer is as die som van sy dele en 'n grootheid is waaruit individue hulle regte en vryhede ontleen. Die gemeenskap moet hom deur middel van verskeie (meningsvormende en -metende) organe wat vir dié doel geskep is, doelbewus verantwoord oor wat die Algemene Belang is of behoort te wees en oor die waardes wat



voortgang definieer. Die kwelvraag is hoe die gemeenskap kan kontroleer dat die instellings wat geskep is om die Algemene Belang te meet en te definieer nie 'n vooringenomendheid ten gunste van sekere waardes het nie en direk en indirek 'n vormende invloed op voorkeure en waardes uitoefen nie. Prioriteitsdenke is noodsaaklik, maar wie moet dit beoefen en wie se prioriteite is deurslaggewend? Vir die beantwoording van hierdie vraag word die demokratiese stelsel gebruik. Hierdie benadering beskou die markmeganisme as 'n bruikbare instelling veral vanweë die spontane dissipline wat deur die wins- en verliesrekening uitgeoefen word en die feit dat private ondernemings wat nie meer winsgewend (=funksioneel) is nie, outomaties bankrot gaan. Afhangende van die relatiewe gewig wat die gemeenskap aan kollektiewe behoeftes vis-a-vis partikuliere behoeftes toeken, sal openbare instellings geskep word om produksiefaktore vir die bevrediging van kollektiewe behoeftes in te span. Hierdie benadering is en kan ook nie dogmaties wees omtrent die grensverdeling tussen die openbare en die private sektor nie, want dit hang af van die relatiewe gewig wat aan partikuliere en kollektiewe behoeftes toegeken word. Hierdie benadering hou daarmee rekening dat die gemeenskap se voorkeure - ook t.o.v. die gewig wat aan partikuliere en kollektiewe behoeftes toegeken word - kan verskuif, en inderdaad aan voortdurende verskuiwings onderworpe is. Saam met hierdie verskuiwings in voorkeure, verander die inhoud wat aan Sosiale Welvaart (=Algemene Belang) geheg word natuurlik ook en gevolglik moet daar voortdurend gefokus word op die inhoud of definisie wat die gemeenskap daaraan wens te verleen. Volgens hierdie benadering kan die sosiale wetenskappe hulle kwalik te veel bekommer oor die filosofiese probleme onderliggend aan die inhoud of definisie wat die gemeenskap aan Sosiale Welvaart wens te verleen.

Hierdie benadering erken die verdelingsprobleme as 'n baie wesenlike probleem waaroor uitdruklik standpunt ingeneem moet word. Aangesien die verdeling van inkomste 'n regverdigheids- of waarde aangeleentheid par excellence is, en die verdeling 'n besliste invloed op die Sosiale Welvaart uitoefen, hang die verdeling van inkome wat as billik of regverdig beskou word in laaste instansie af van die gewig wat die gemeenskap aan regverdigheidsoorwegings in sy definisie van Sosiale Welvaart wens te verleen.



### 3. IN EKONOMIESE VERTREK PUNT

Ek is gevra om vandag o.m. oor vertrekpunte in die ekonomie te praat. Ek verstaan onder vertrekpunt die ekonomiese model of paradigma van waar enige analise oor die ekonomie moet vertrek. Ek wil graag sowel die regs-liberale as die links-radikale paradigma sterk afwys as geskikte vertrekpunte vir 'n analise van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Dit is seker onnodig om nogeens op al die redes waarom ek albei afwys, in te gaan. Die belangrikste redes word in die Addendum uiteengesit. Opsommend net die volgende: Albei verwaarloos die inhoudelike betekenis wat aan Sosiale Welvaart of die Algemene Belang geheg moet word. Terwyl die liberale benadering 'n byna universele bestaan aan die vrye mark (en aan die beweerde wetmatighede daarvan) toeken, onderwerp die links-radikale benadering institusionele ontwikkeling aan historiese materialistiese bepaalde proses waarop die gemeenskap weinig (indien enige) selfstandige invloed kan uitoefen. Terwyl eg. essensieel 'n ewewig-model of konstruksie op die kapitalistiese ekonomie pas, pas lg. essensieel 'n konflik-model of konstruksie op die kapitalisme en welliswaar 'n konflik situasie wat op chroniese uitbuiting en onreg neerkom en nie binne die raamwerk van 'n markgeoriënteerde ekonomie besweer of tot 'n bevredigende mate uit die weg geruim kan word nie.

Soos u weet het die vryemark retoriek in die afgelope 5 of 10 jaar besonder populêr geword in Suid-Afrika. Dit is 'n propagandistiese veldtog wat ek ten sterkste wil betreur. Suid-Afrika het nog nooit 'n vrye markeconomie gehad nie en kan dit beslis ook nie bekostig om die ekonomie in daardie rigting te probeer buig nie. Enige sodanige pogings sal ook nie kan slaag nie. Dit wil my voorkom asof baie mense geneig is om die "vrye markeconomie" en "ekonomiese rasionaliteit" met mekaar gelyk te stel en om te veronderstel dat net 'n vrye markmeganisme "ekonomiese rasionaliteit" en/of doeltreffendheid kan afdwing. Hierdie siening berus op 'n misvatting. Saam met die Amerikaanse ekonoom, Arthur Okun, sal ek volstaan deur te sê dat in 'n Westers-georiënteerde land soos Suid-Afrika waarin groot waarde aan individuele vryheid en personalistiese ontwikkeling geheg word, die "mark" inderdaad 'n plek verdien, maar eweseer op sy plek gehou moet word. Of, soos Okun dit stel: "The market needs a place, and the market needs to be kept in its place."



Die Ekonomiese Komitee van die Presidentsraad is tans besig met 'n ondersoek na die faktore wat toetrede tot en deelname aan die vrye markeconomie belemmer. Wat my betref, is dit 'n baie eng en verkeerde konseptualisering van die probleem. Alhoewel dit seker waardevol sal wees om faktore wat toetrede en deelname aan die markeconomie belemmer, te identifiseer is die vermoë en gewilligheid van individue om suksesvol aan die ekonomie deel te neem en die wyse waarop welvaart geskep en versprei word veel belangriker aangeleenthede. Die Presidentsraad se ondersoek gaan klaarblyklik uit van die aprioretiese veronderstelling dat dit moontlik en wenslik is om die S.A. ekonomie te "buig" in die rigting van die model-teoretiese vryemarkeconomie. Tog snaaks hoe almal blykbaar besef dat 'n eenkamer parlementêre demokrasie 'n stelsel is wat nie aangepas of funksioneel in ons (strukture) omstandighede is of kan wees nie, maar tog nie besef dat 'n ongebreidelde vrye markeconomie (vanweë min of meer dieselfde redes) eweseer nie aangepas of funksioneel in ons strukturele omstandighede is of kan wees nie. Die Presidentsraad sou hom met 'n veel suiwerder probleemstelling bedien het, as hy homself die taak gestel het om te bepaal watter strukturele hervorming nodig is (of funksioneel sal wees) om die Sosiale Welvaart van die totale bevolking oor die langtermyn te vergroot. Daar bestaan beslis behoefte aan 'n veel breër opgesette en 'n meer indringender ondersoek na die funksionaliteit van die Suid-Afrikaanse ekonomiese Stelsel as dié een waarmee die Presidentsraad nou besig is.

#### 4. SES STAPPE IN DIE FORMULERING VAN 'n HERVORMINGSBELEID

As ekonomiese vertrekpunt vir 'n besinning oor die ekonomie tot die jaar 2000, sou ek graag die funksioneel-teleologiese benadering van die Institusionalisme of "Strukturele" skole wil aanvaar. Met hierdie benadering as vertrekpunt vir 'n studie van die "Suid-Afrikaanse ekonomie op weg na 2000" kan ons ons taak in terme van die volgende ses stappe onderneem:

Eerste Stap: Ons sal 'n bepaling moet maak van die werklike en die potensiele (omgewings) insette of die totale produksiekapasiteit van die Suid-Afrikaanse ekonomie. In hierdie verband is die relatiewe peil van geïndustrialiseerdheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie en veral die beskikbaarheid (en die potensiele beskikbaarheid oor die volgende 20 jaar) van geskoolde<sup>en</sup> leidinggewende arbeiders van



groot belang.<sup>1)</sup>

Tweede Stap: Ons sal 'n volledige bepaling moet maak van die organisatoriese stelsel - ekonomies, polities, administratief, ens. - waarmee Suid-Afrika hom bedien. In so 'n bepaling sal ons ook moet let op die magsgroeperinge en die magsverspreiding in die Suid-Afrikaanse stelsel (d.w.s. op die bestaande strukture) en ook moet let op die "strukturele dwang" wat oor die jare daarin vasgegroeï geraak het en waardeur sommige groepe (pressie-groepe) oormatig bevoordeel en ander onnodig benadeel word. Ons sal veral ook 'n bepaling moet maak van die waardes in terme waarvan die bestaande strukture gelegitimeer word en ook van die "ligitimitateitskrisis" wat t.o.v. die bestaande strukture ondervind word. Ons sal hierdie stap nie kan afhandel voor ons nie eers Stap Vier voltooi het nie.

Derde Stap: Daarna sal ons 'n bepaling moet maak van die Werklike Uitsette van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Dit is geensins 'n maklike taak nie. Dit is nie voldoende om die werklike uitsette net i.t.v. sie Bruto Nasionale Produk of die per capita-inkomes te meet nie. Verskeie ander maatstawwe sal ook ontwerp moet word om die "prestasies" van die Suid-Afrikaanse ekonomie te meet. Voordat ons hierdie maatstawwe kan ontwerp, sal ons ook eers die Vierde Stap moet voltooi.

Vierde Stap: Ons sal ons in 'n baie moeilike oefening moet verantwoord oor die Gewenste Uitsette wat ons graag wil verwesenlik. Wat my betref, is 'n duidelike inhoudgewing aan wat die Gewenste Uitsette behoort te wees, ons belangrikste taak. In hierdie oefening sal ons ons veral moet verantwoord oor die waardes wat vooruitgang definieer en oor die inhoudelike betekenis wat ons aan Sosiale Welvaart (= Algemene Belang) wens te verleen. In populêre taal gestel: ons sal ons moet vergewis oor ons prioriteite en ons sal moet toesien dat ons ons prioriteite sogenaamd "agtermekaar" kry. In ons formulering van die Gewenste Uitsette moet ons natuurlik daarteen waak dat ons nie utopiese doelstellings sal formuleer nie. Ons oefening moet daarop ingestel wees om "Haalbare Prioriteite" te formuleer - prioriteite wat haalbaar is indien ons die perke wat die gegewe

1) 'n Goeie begrip van die potensiaal van die Suid-Afrikaanse ekonomie, is ook van belang vir die soort politieke hervorming wat in Suid-Afrika moontlik is. Indien die proses van politieke demokratisering te vinnig gebeur kan dit maklik daartoe lei dat die addisionele eise wat deur so 'n proses gegenereer word, maklik die vermoë van die ekonomie kan oorspan. Dit sal soveel makliker gebeur as addisionele bedingingsmag in die hande van Swart en Bruin mense geplaas word sonder dat daar terselfdertyd 'n inkrimping van blanke bedingingsmag intree. Maar die probleem van bedingingsmag is 'n saak wat eintlik in die Tweede Stap van ons probleemstelling tuis hoort.



insette (of die potensiaal van die ekonomie) aan die prestasievermoë van die Ekonomie stel.<sup>2)</sup>

Vyfde Stap: As 'n vyfde stap sou ons die Werklike Uitsette van ons stelsel met die Gewenste (Haalbare) Uitsette kan vergelyk. Daar bestaan geen twyfel dat die Werklike Uitsette ver - baie ver - tekort sal skiet dan die Gewenste Uitsette nie. Ons kan in hierdie verband maar net verwys na die skrilte teenstelling van rykdom en armoede in hierdie land; na die feit dat 'n onrusbarende groot persentasie van die bevolking in effek onder die Minimum Bestaan Peil leef; na die ongelyke verspreiding van gemeenskapsfasiliteite en geleenthede en veral die groot ongelykheid in die verspreiding van onderwysgeleenthede; na die wanallokasie van skaars bronne veral in soverre skaars bronne gebruik en misbruik word om onbenullige (partukuliere) behoeftes te bevredig terwyl sekere basiese (kollektiewe) behoeftes nog ontoereikend bevredig word; na die verwringing wat monopolistiese magsgroepe en pressiegroepe op die werking van die ekonomie en op die allokasie van skaars bronne uitoefen; na die te hoë verbruik en die gevolglik ontstellend te lae besparingsgeneigdheid, na die te hoë kapitaalintensiteit van ons ekonomie as synde 'n Derde Wêreldland en na die ernstige betalingsbalans probleme. U moet my nie verkeerd verstaan nie. Ek wil geensins voorgee dat hierdie wanprestasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie oornag reggestel kan word en dat ons resultate kan lewer wat goed sal vergelyk met dié van hoogsgeïndustrialiseerde Westerse ekonomieë nie. Die perke wat die omgewingsinsette van hierdie essensieël Derde Wêreldland stel, moet wel deeglik in ag geneem word. Nogtans is daar bo alle twyfel baie ruimte vir verbetering.

Sesde Stap: Nadat ons ons vergewis het van die groot gaping tussen die Gewenste en die Werklike Uitsette van ons stelsel, kom die vraag omtrent wat ons daaraan kan doen, ter sprake. Al wat ons daaraan kan doen, is om voorstelle te formuleer oor hoe ons die bestaande

- 
- 2) Soos ek reeds hierbo gesê het, kan politieke hervorming om utopiese doelstellings te bereik, maklik die vermoë van die ekonomie oorspan en selfs knak. Een van die belangrikste besware wat 'n mens teen die Progressiewe Federale Party kan inbring, is dat hy nog nooit die ekonomiese en/of Staatsfinansiële implikasie van die konstitusionele hervorming wat hy (soms) voorstaan, verreken het nie. As 'n ekonomies-georiënteerde party sou 'n mens kon verwag dat hierdie party beleidsvoorstelle aan die nodige "costing" sou onderwerp. Maar omdat hy net 'n "effektiewe opposisie" en nie 'n alternatiewe regering probeer wees nie, het hy in gebreke gebly om dit te doen.



Stelsel - en sy samestellende strukture - langs evolusionêre weg kan buig (hervorm) in 'n poging om die Stelsel meer funksioneel te maak m.b.t. die doelstellings (prioriteite) wat ons graag wil verwesenlik. Ons sal onrealisties wees as ons in die formulering en veral in die deurvoering van 'n hervormingsbeleid nie deeglik rekening hou met die bestaande magstrukture en met die waardes waarin hulle hulle bestaansreg of legitimasie vind nie.

Dit is seker nie onvanpas om in hierdie verband na die groot aantal goed-geinstitutionaliseerde blanke magstrukture te verwys en veral na die waardes wat bewus en onbewus ter sprake kom wanneer die bestaan en die voortbestaan van hierdie strukture goedgepraat (gelegitimeer) word nie. Dit het egter dringend nodig geword om die legitimasie van baie van die bestaande strukture ernstig te toets aan die Christelike en Westerse waardes wat ons voorgee ons hier wil handhaaf - waardes wat beslis ook operasioneel was toe ons die Gewenste Doelstellings (= Sosiale Welvaart) geformuleer het. Slegs wanneer ons die legitimering van die bestaande strukture aan so 'n ernstige toets onderwerp het, sal ons kan vasstel welke van die blanke posisies van mag en bevoorregting essensieël is en welke prysgegee en aangepas moet word as ons die Gewenste Doelstellings (en die waardes wat daarin opgesluit lê), wil verwesenlik en bevorder.

Vanweë die groot rol wat magsverhoudings in die werking van 'n ekonomiese stelsel speel en die politiek eintlik die terrein is waar die magstryd plaasvind, kan politieke en ekonomiese hervorming natuurlik nie van mekaar losgemaak word nie. Enersyds moet ons waak teen politieke of konstitusionele hervorming wat die vermoë van die ekonomie sal oorspan. Andersyds impliseer struktuurveranderinge op ekonomiese gebied dat verskuiwings in politieke magsverhouding intree. Dit is wenslik dat ons nie langer eensydig van konstitusionele hervorming sal praat nie. Indien ons slegs die aandag op konstitusionele hervorming fokus, loop ons gevaar om die ekonomiese en staatsfinansiële implikasies van konstitusionele hervorming te verwaarloos. So iets kan rampspoedig wees sowel wanneer hierdie implikasies oorskakel as wanneer hulle onderskat word.



## 5. DIE MAKSIMISERING VAN SOSIALE WELVAART AS OORKOEPELENDE DOELWIT

Voordat ek teen die einde meer sal sê oor die bestaande strukture en oor die ekonomiese en politieke magsverhoudings en die waarde-orientasies waarin dit gesetel is, wil ek eers in groter besonderhede aandag gee aan die Gewenste Uitsette of Mispunte wat ons vir ons self moet stel. In algemene en formele taal geformuleer, is en behoort dit seker die doel van alle ekonomiese en politieke aktiwiteite te wees om die Sosiale Welvaart van die Gemeenskap as Geheel oor die langtermyn te probeer maksimiseer. Alhoewel hierdie definisie mooi klink en daar seker nie beswaar teen ingebring kan word nie, is daar drie probleme i.v.m. daarmee.

Eerstens wat bedoel ons met "Sosiale Welvaart" - wat is die samestellende dele daarvan? Is dit nie 'n te formele definisie nie?

Tweedens, wat bedoel ons met die "gemeenskap as geheel" - watter gewig moet aan die welvaart van die samestellende dele van die bevolking toegeken word? Gelyke gewigte? Is dit moontlik? Is dit wenslik?

Derdens, wat bedoel ons met "oor die langtermyn" - hoe lank is die tydhorison wat in 'n ekonomiese en politieke beleid in ag geneem moet word? Tien jaar, twintig jaar, dertig jaar?

Ek wil in omgekeerde volgorde opmerkings oor hierdie drie probleme maak: Ek het 'n gevoel dat wanneer ons tussen alternatiewe doelstellings en/of beleidsmaatreëls moet kies, ons gewoonlik nie met 'n lang genoeg tydhorison werk nie. Dit is beslis waardevol om ons oor die jaar 2000 te verantwoord, maar ek dink dat ons van ons politieke leiers kan verwag dat hulle hul met tydhorisone van 30 tot 40 jaar sal bedien. Een manier om die tydsfaktor in verrekening te bring, is om tussen geprojekteerde Sosiale Welvaartspaaie te onderskei en om dan die huidige verdiskonteerde waarde van elke verbruikspad te bereken en dan daardie een te kies waarvan die huidige verdiskonteerde waarde die grootste is. So byvoorbeeld kan 'n welvaartspad wat in die eersvolgende 10 of 15 jaar groot opofferings van die blankes verg ter wille van groter besteding aan Swart opheffing en onderwys, oor die langtermyn lei tot so 'n groot styging in die Sosiale Welvaart van die totale bevolking, dat die huidige verdiskonteerde waarde van die betrokke welvaartspad groter sal wees as die huidige waarde van ander welvaartspaaie - maar dit sal die geval wees slegs as ons met 'n tydhorison van minstens 30 jaar werk. Aan die ander kant kan die huidige



waarde van 'n welvaartspad waarvolgens die blankes weier om opofferings ter wille van Swart opheffing te maak, redelik groot en aantreklik lyk (vir die blankes) as ons met 'n tydhorison van 5, 10 of selfs 15 jaar werk werk. Maar oor die langtermyn verreken, kan só 'n welvaartspad 'n baie nadelige een blyk te wees - selfs ook vir die blankes. Soos ek hieronder sal aantoon is daar inderdaad ontstellende tekens van kortsigtigheid in blanke geledere waarneembaar.

Die vraag omtrent wat ons met die "gemeenskap as geheel" bedoel, is natuurlik 'n baie moeilike en sensitiewe aangeleentheid in Suid-Afrika. Ons het rede om te glo dat die politieke en die ekonomiese stelsels in Suid-Afrika so georganiseer is (d.w.s. op so 'n manier "in rat" is) dat die belange of die welvaart van die blankes in die eerste instansie gedien word en as't ware voorgetrek word bo dié van ander bevolkingsgroepe. Van daar die besware teen die diskriminerende werking van die stelsel. Vanaf owerheidsweë is in die afgelope paar jaar herhaaldelik verklaar dat die status quo - en relatiewe bevoordeling van sekere groepe en die benadeling van ander - nie onveranderd gehandhaaf kan word nie en dat belangrike struktuurveranderinge sal moet plaasvind in 'n poging om daarvan weg te beweeg. Terwyl ek hierdie standpunt van die owerheid ten seerste waardeer, wil ek graad daarop wys dat ons dit werklik ons erns is om dinge so te organiseer dat die sosiale welvaart van die totale bevolking in 'n gelyke mate bevorder word, daar inderdaar verrykende struktuurveranderinge sal moet plaasvind en dat dit in elk geval nie oor 'n korttermyn deurgevoer sal kan word nie.

Die vraag omtrent die inhoudelike betekenis van "Sosiale Welvaart" is een van daardie moeilike vrae wat gewoonlik verwaarloos (geïgnoreer?) word omdat dit so moeilik is om besliste en duidelike antwoorde daarop te gee. In ons gekompliseerde situasie durf ons dit nie verwaarloos nie. In my hoedanigheid as ekonoom sal ek graag ses instrumentele doelstellings of mikpunte noem wat almal as samestellende dele of dimensies van Sosiale Welvaart beskou kan word. Die grootte van Sosiale Welvaart hang af van die mate waartoe:

- (a) 'n korrekte allokasie van skaars middele plaasvind;
- (b) 'n volledige mobilisasie van produksiefaktore en 'n doeltreffende aanwending daarvan plaasvind;
- (c) 'n billike verdeling van inkome en geleenthede bestaan;
- (d) deurlopende stabiliteit op ekonomiese, sosiale en politieke vlakke gehandhaaf word;
- (e) 'n hoë groeikoers gehandhaaf word;



- (f) sinvolle vorme van individuele vryheid en menseregte gehandhaaf word.

Kom ons kyk in ietwat groter besonderhede na hierdie instrumentele doelstellings.

- (a) Wanneer dit gaan oor die korrekte allokasie van skaars middele kom die relatiewe belangrikheid van kollektiewe behoeftes vis-a-vis partikuliere behoeftes o.m. ter sprake. In hierdie verband ontstaan die vraag of die peil van partikuliere behoeftebevrediging van die blankes nie op 'n te hoë vlak is en of die bronne wat vir die bevrediging van kollektiewe behoeftes (veral van die Swart-gemeenskappe) beskikbaar is nie opvallend te min is nie. Kortom, dit is klaarblyklik in die belang van Sosiale Welvaart dat hoë partikuliere behoeftebevrediging (van veral die blankes) afgeskaal sal word om 'n gewenste minimum peil van kollektiewe behoeftebevrediging vir die totale bevolking moontlik te maak - veral ter wille van die bevrediging van daardie kollektiewe behoeftes (soos onderwys) waardeur groter produksiekapasiteite vir die toekoms geskep kan word. Die gewenste grensverdeling tussen die private sektor (wat hoofsaaklik in partikuliere behoeftes voorsien) en die openbare sektor (wat hoofsaaklik in kollektiewe behoeftes voorsien) kan hier ter sprake kom.<sup>1)</sup> Die baie moeilike vraag oor al die faktore wat 'n vormende invloed op die voorkeure (sowel t.o.v. partikuliere as kollektiewe voorkeure) van die publiek uitoefen kan ook hier ter sprake kom. Hoe word voorkeure gevorm? Wat is die relatiewe invloed van die huisgesin, die kerke, die skole en die massamedia? Het massa-reklame en hoë-druk verkooptechnieke nie tot gevolg dat juis voorrang verleen word aan die vorming van daardie (partikuliere) behoeftes wat winsgewend deur private ondernemings bevredig kan word nie? Indien dit waar is dat 'n

---

1) Dit is 'n aangeleentheid wat ek nie vandag in besonderhede kan bespreek nie. Al wat ek wel wil sê is die volgende: Indien burokratiese vermorsing uitgeskakel kan word asook die ongeoorloofde eise waarmee sekere pressiegroepe slaag, sou dit moontlik wees om die rol van die openbare sektor aanmerklik te verklein. Maar as die owerheid aan die anderkant verantwoordelikheid aanvaar om kollektiewe goedere en dienste vir die Swart-bevolkingsgroepe op die gewenste peil te bring, sal dit weer tot 'n groot uitbreiding van die owerheidstaak lei. Die debat oor die relatiewe grootte van die private en openbare sektore moet dus nie oor die grootte van elke sektor gaan nie maar eerder oor die gewenste grensverdeling tussen die twee sektore.



kapitalisties georiënteerde ekonomie daardie voorkeurskale en lewensingesteldheid "produseer" wat winsgewend bevredig kan word ongeag die (kulturele) gehalte van die behoeftes, ontstaan die vraag oor hoe daar vir hierdie "skeefgetrekte" waardes gekompenseer kan en gekompenseer behoort te word. Ek laat dit vireers ook daar.

- (b) Die volledige mibilisasie van produksiefaktore (en veral die faktor geskoolde arbeid) en die doeltreffende aanwending van produksiefaktore in die produksie- en diensleweringprosesse is uiteraard baie welvaartsrelevant. 'n Baie opvallende vermorsing van potensiële welvaart vind plaas solank daar nie 'n vollediger of 'n beter mobilisering van Swart-arbeid plaasvind nie. Net so veroorsaak 'n gebrek aan doeltreffendheid - in bv. die openbare sektor - ook 'n groot verlies aan welvaart. Die groot verdienste van die private sektor is juis daarin geleë dat die dissipline van die wins- en verliesrekening 'n groot mate van dissipline en doeltreffendheid afdwing. Ter wille van doeltreffendheidsoorwegings moet daar soveel as wat dienlik is van private inisiatief gebruik gemaak word.
- (c) Die handhawing van deurlopende stabiliteit op sosiale, politieke en ekonomiese vlakke is eweseer 'n baie belangrike welvaartsaangeleentheid. Die welvaartsimplikasie van voortgesette politieke stabiliteit op al drie vlakke kan seker nie maklik in die Suid-Afrikaanse situasie oorbeklemtoon word nie. Juis omdat ons daarmee moet rekening hou dat Suid-Afrika 'n potensiële konflik situasie verteenwoordig, kan ons nie toelaat dat die situasie gedestabiliseer word nie. Daar is goeie redes om te vrees dat as die bestaande "ewewig" - hoe onbevredigend dit ookal is - eers eenmaal versteur is, die wanorde maklik kan eskaleer tot 'n chaotiese toestand. Alhoewel die magnetiese krag of die middelpuntsoekende werking van die moderne sektor en die groeiende ekonomie relatief sterk is, moet ons wel deeglik rekening hou met die middelpuntvlietende kragte wat op die periferie van die Suid-Afrikaanse situasie werkzaam is. Die struktuurverandering wat ons moet aanbring moet steeds daarop bereken wees om die middelpuntvlietende kragte so goed as moontlik te ondervang. Een manier om dit te doen, is om die mense op die periferie van die S.A.-situasie 'n groter aandeel en gevestigde belange in die voordele van die magnetiese kern te gee.
- (d) Die daarstelling van 'n billike (of redelik regverdige) verdeling van inkome en geleenthede tussen individue en groepe is 'n baie omstrede aangeleentheid. Dat 'n herverdeling van inkomste en geleenthede selfs oor die korttermyn 'n baie positiewe welvaartseffek



kan hê, kan seker nie betwyfel word nie. Dit verbaas my dat mense so sensitief is oor hierdie aangeleentheid. Vir sommige mense is die begrip "herverdeling van inkome" nog meer van 'n rooidoek as die begrip "magsdeling". Wat baie mense blykbaar nie beseef nie, is dat die owerheid se belasting- en bestedingsbeleid reeds 'n baie groot herverdelingseffek het. Dit is egter te betwyfel - veral as ons ons dit uit 'n langtermyn sosiale welvaartsoogpunt bekyk - of die herverdeling altyd in die gewenste rigtings plaasvind en of die verdeling wat wel in die gewenste rigtings plaasvind, groot genoeg is. Ek glo nie ek oordryf as ek sê dat naas politieke magsdeling die uitdagings rondom die verdeling van inkome en geleenthede ons moeilikste probleem is wat voorlê nie. Dit help nie om daarvan te probeer wegstroom nie. Ons moet veeleerder 'n konstruktiewe verdelingsbeleid probeer formuleer. Ons moet nie herverdelingsmaatreëls beskou as die blote "wegneem" van sommige en die "weggee" aan ander nie. 'n Herverdelingsbeleid moet daarop bereken wees om produksiekapasiteite in die geledere van die minder bevoorregtes te skep sodat hulle oor die langer termyn ook 'n konstruktiewe bydrae tot die sosiale welvaart van die gemeenskap as geheel kan maak. In so 'n herverdelingsbeleid sal sommige (hoofsaaklik die blankes) beslis oor die kort- en middeltermyn moet "gee" sodat almal oor die lang termyn kan "wen". As die blankes nie vrywillig bereid is tot só 'n langtermyn trade-off nie, loop ons die ernstige gevaar dat Suid-Afrika in 'n onverkwiklike zero-som spel kan beland met rampspoed as die eindresultaat.

- (e) Die handhawing van 'n hoë groeikoers word dikwels gelyk gestel aan die toename van welvaart. Die belangrikheid van hierdie instrumentele doelwit of mikpunt spreek vanself. Indien 'n mens die agtergeblewendheid van 'n groot deel van die bevolking, die hoë groeikoers van die (Swart) bevolking en die spiraal van stygende verwagtinge in ag neem, kan die groeikoers kwalik te hoog wees. Aan die ander kant is dit egter nie realisties om drome te droom oor 'n 10 persent groeikoers nie. Die gegewe (en potensiële) insette aan mannekrag en infrastruktuur, stel besliste perke aan die hoogte van die groeikoers. Alhoewel 'n hoë groeikoers 'n belangrike bydraende faktor - en moontlik die belangrikste bydraende faktor - is wat die grootte van die Sosiale Welvaart bepaal, is dit tog nie die enigste faktor soos baie mense graag wil glo nie. Ons moet beslis daarteen waak om die grootte en groei van die volksproduk gelyk te stel aan die



grootte en die groei van Sosiale Welvaart. So 'n gelykstelling verraaï 'n gevaarlike soort materialisme.

- (f) Die handhawing van sinvolle vryheid en menseregte en ruim geleent-gede vir die ontplooiing van individuele inisiatief en personalistiese ontwikkeling is in 'n Westerse georiënteerde land soos S.A. beslis aangeleenthede wat baie welvaartsrelevant is. Dit is egter belangrik om te beseef dat individuele vryheid en menseregte altyd relatiewe aangeleenthede is. Dat daar beslis ruimte vir verbetering op hierdie terrein is, ly geen twyfel nie. Dit is egter 'n aangeleentheid wat so nou verbind is aan politieke hervorming dat ek dit nie verder bespreek nie.

## 6. DIE "TRADE-OFF"-PROBLEEM

Elkeen van die ses instrumentele doelstellings wat ek hierbo genoem het, is baie welvaart-relevant en elkeen is baie belangrik in sy eie reg. Uit 'n Sosiale Welvaartsoogpunt bekyk, is dit egter belangrik om te beseef dat 'n baie ingewikkelde verhouding van komplementariteit en botsing tussen hierdie instrumentele doelstellings bestaan. Sosiale Welvaart sal slegs gemaksimiseer word as struktuurverandering en beleidsmaatreëls daarin kan slaag om die langtermyn komplementêre verhoudings te beklemtoon en om die botsende verhoudings oordeelkundig teen mekaar af te weeg.

Dit bring ons by die belangrike probleem van "trade-offs". Om die regte "trade-off" te maak, het 'n mens Salomo se wysheid nodig. Maar wat veral belangrik is, is dat ons ons nie blind sal staar teen die korttermyn botsing tussen doelstellings en as gevolg daarvan nie die potensieële langtermyn komplementariteit tussen die betrokke doelstellings sal raaksien nie. Neem nogeens die kwessie van Swart onderwys. Groter belasting ter wille daarvan mag inisiatief en groei demp. Maar oor die langtermyn kan die groter arbeidskapasiteit wat in Swart geledere geskep word, nie alleen tot hoër inkome in Swart geledere lei nie, maar ook baie bevorderlik vir ekonomiese groei blyk te wees. Die verhoudings van komplementariteit en botsing wat tussen instrumentele doelstellings bestaan en wat verskillend oor die kort- en die langtermyn kan wees, is 'n aangeleentheid waarvan ons nog min weet en een wat baie groter studie en navorsing vereis. In baie beleidsmaatreëls gebeur die "trade-offs" maar op 'n lukraak manier of word slegs die korttermyn verhoudings in ag geneem wat 'n baie groot welvaartsverlies oor die langtermyn kan beteken. Maar wat veral kommerwekkend is, is dat rasionele oorwegings dikwels



nie 'n rol speel wanneer "trade-offs" gemaak word nie, maar dat pressiegroepe daarin slaag om besluitneming te beïnvloed op 'n manier wat die korttermyn seksionele belange van die betrokke pressiegroepe tot voordeel strek, maar die langtermyn algemene belang benadeel.

## 7. DIE ONTWERPING EN DIE OPVOEDING VAN DIE BLANKES

In Fase Ses hierbo het ons die behoefte aan strukturele hervorming op ekonomiese en politieke terreine aan die orde gestel. Hierdie behoefte het ontstaan omdat die Werklike Uitsette van die S.A. stelsel ver tekortskiet aan die Gewenste Uitsette. D.w.s. gegewe die Insette (en die potensiële Insette) skiet die Sosiale Welvaart wat wel verwesenlik word, ver tekort aan die Sosiale Welvaart wat moontlik verwesenlik kan word as ons die Politieke en Ekonomiese Stelsel of Strukture in Suid-Afrika so kan "buig" (hervorm) dat hulle meer funksioneel sal wees met betrekking tot die Doelstellings wat ons graag wil verwesenlik.

Juis omdat Suid-Afrika 'n ontwikkelende land met 'n groot tekort aan geskoolde en leidinggewende arbeid is, sal strukturele hervorming hoë eise aan die ekonomie stel - veral as diegene wat oor mag en bevoorregte posisies beskik oormatige weerstand teen gewenste hervorming bied. 'n Baie opvallende kenmerk van die S.A. organisatoriese struktuur is dat die blankes se posisie van relatiewe mag en bevoorregting baie goed geïnstitusionaliseer is - d.w.s. struktureel baie goed verskans is en boonop deur die heersende ortodoksie gelegitimeer word. Indien dit sou blyk dat die blankes nie bereid is om ter wille van die langtermyn belang (=Sosiale Welvaart) van die gemeenskap as geheel 'n deel van hulle posisie van relatiewe mag en bevoorregting prys te gee nie en ook nie bereid is om die heersende ortodoksie (waarmee hulle meen hulle hulle bevoorregte posisie kan legitimeer) ingrypend aan te pas nie, sal pogings tot strukturele hervormings langs evolusionêre weg natuurlik nie slaag nie en kan die strukturele wanverhoudings mettertyd die stabiliteit van die stelsel ondermyn.

Ons het sonder twyfel rede om baie bekommerd te wees oor sekere gesindhede en gedragsneigings in blanke geledere wat beslis die proses van strukturele hervorming baie kan bemoeilik. As gevolg van die feit dat die blankes in die afgelope 50 jaar te vinnig vooruitgegaan het en vir te lank al in te verskanste en bevoorregte posisies verkeer, het baie blankes op 'n onrusbarende wyse verwen geraak:



- (a) aan 'n situasie van oormatige bevoorregting en verskansing;
- (b) aan 'n oordrewe materialistiese lewenshouding (wat in sommige kringe selfs die vorm van 'n sieklike rykmanskultus of obsessie aanneem);
- (c) aan 'n egoistiese soort denkwysse waarvolgens net die eie partikuliere en die eie (=etniese = blanke) groepsbelange in ag geneem word ongeag die effek wat die bevordering van seksionele belange op die algemene belang sal uitoefen - dit getuig van 'n ernstige wanbegrip omtrent die verhouding tussen partikuliere en kollektiewe belange;<sup>1)</sup>
- (d) en aan 'n ontstellende soort kortsigtigheid om net korttermynoorwegings in besluitneming in ag te wil neem.<sup>2)</sup>

Indien ons met 'n evolusionêre proses van strukturele hervorming op ekonomiese en op politieke gebied wil slaag, sal ons 'n groot opvoedkundige en/of propaganda-veldtog in Suid-Afrika van stapel moet stuur om die blankes te probeer ontwen van bogenoemde skewe opvattinge, slegte gewoontes en oordrewe bevoorregting en verskansing en hulle omtrent die noodsaaklikheid van strukturele hervorming te oortuig. In so 'n opvoedkundige, ontwennings- en oortuigingsproses sal die hoë eise wat die handhawing van die Westerse beskawing aan die blankes in Suid-Afrika gaan stel, wel deeglik en in reguit en verstaanbare taal aan die blankes gestel moet word. Oor die reuse taak om die blankes op te voed ten opsigte van die groot verantwoordelikhede wat op hulle as leiersgroep rus, kan daargeen twyfel bestaan nie. Ons het 'n dubbele opvoedkundige uitdaging om te beantwoord as ons die wiede in hierdie land aan die draai wil hou:

- 
- 1) Een rede waarom die vrye markretoriek so populêr is, is omdat sommige mense daarin 'n regverdiging vind om hulle partikuliere optrede en belang as 'n soort doel op sig self te sien.
  - 2) In sommige blanke kringe is daar so 'n opvallende onwilligheid (onvermoe?) om langtermynoorwegings in ag te neem, dat dit wil lyk na 'n soort Saigon-mentaliteit of sindroom. Sommige mense se optrede skep inderdaad die indruk dat hulle van mening is dat die "spel" nog net 5 of 10 jaar gaan aanhou en dat hulle gevolglik soveel as moontlik uit die orige jare wil probeer haal!



Eerstens die groot formele opvoedkundige uitdaging ten opsigte van ~~Swartonderwys~~ as ons die wiele van die Suid-Afrikaanse ekonomie letterlik teen die jaar 2000 nog teen 'n bevredigende tempo (en met genoeg geskoolde mannekrag) aan die draai wil hou.

Tweedens, die groot informele opvoedkundige uitdaging om die blankes van hulle slegte gewoontes en skewe opvattinge te ontwen en om hulle op te voed om hulle langtermyn verligte eie-belang in die groter Suid-Afrikaanse situasie reg te begryp en om ter wille daarvan oortuig te raak van die noodsaaklikheid van strukturele verandering wat die Suid-Afrikaanse politieke en ekonomiese stelsel meer funksioneel sal maak in die strewe na die maksimisering van die Sosiale Welvaart van die Gemeenskap as geheel oor die langtermyn. Langs hierdie weg sal ons die egte waardes van die Christelik-Westerse beskawing as't ware van nuuts af by baie blankes moet inburger. Dit gaan geensins 'n maklike taak wees nie. Dit gaan besondere leierskap op 'n veelheid van terreine verg.

Ons taak t.o.v. politieke en ekonomiese hervorming en struktuurveranderinge in die dekades wat voorlê, reduseer dus tot 'n dubbele waarde-aangeleentheid: Eerstens moet ons ons duidelik vergewis oor die waardes wat vooruitgang definieer en dus keuses maak wat in belang van die handhawing van die Christelik-Westerse beskawing is. Tweedens moet die waardes in terme waarvan die blankes hulle posisie van mag en bevooringting probeer legitimeer, aan 'n ernstige selfondersoek onderwerp word en indien nodig moet ander waarde-oriëntasies by ons mense ingeskerp word - iets wat klaarblyklik dringend nodig is.



Ek het hierdie lesing begin deur tussen drie paradigmitiese benaderings in die Ekonomie te onderskei. Ek wil graag afsluit deur kortliks te verwys na die plek en die rol wat elkeen van hierdie drie paradigmitiese benaderings aan die Kerk toeken in die ekonomie. Indien 'n mens die kousaal-meganistiese benadering van die Liberale Skool aanvaar, aanvaar 'n mens by implikasie dat die Kerk hoegenaamd geen rol te speel het t.o.v. sosiaal-ekonomiese aangeleenthede nie. Insoverre die Kerk of sy segsmanne, bewustelik of onbewustelik, verlies neem met die kousaal-meganistiese interpretasie van die Liberale Skool, onttrek die Kerk hom eintlik van die proses van sosiaal-ekonomiese verandering en kan sy passiewe en geabdikeerde houding t.o.v. die proses van sosiaal-ekonomiese verandering maklik geïnterpreteer word as 'n kondonering van die status quo. Dit is dan ook geen wonder dat veral die Protestantse kerke geag word instansies te wees wat nie alleen die kapitalistiese stelsel aanvaar nie, maar dit ook legitimeer. Indien 'n mens aan die ander kant die historiese-materialistiese interpretasie van die Marxistiese of die Neo-marxistiese skool omtrent die proses van sosiaal-ekonomiese verandering aanvaar, ken 'n mens eintlik by implikasie (indien nie uitdruklik nie) aan die kerk die rol toe dat hy hom direk of indirek, vroeër of later moet beywer vir radikale en/of revolusionêre optrede om die bestaande orde op 'n geweldadige wyse omver te gooi.

Sowel die paradigmitiese uitgangspunt as die gevolgtrekkings van die Liberale skool en die Marxisme omtrent die Kerk se rol is vir my totaal onaanvaarbaar. Nóg die verregse (uitdruklike of stilswyende) legitimering van die kapitalistiese stelsel of die status quo, nog die verlinkse radikalisme van die Neo-Marxisme is 'n juiste rol wat die Kerk te speel het.

Volgens die teleologies-funksionalistiese benadering van die "middelgroep" of institusionele benaderings is die Kerk net so 'n - en moontlik belangriker - ekonomies relevante instelling of organisasievorm as wat di mandlebeurs of mynmaatskappy dit is. Die Kerk het eerstens die verantwoordelikheid om die waardes te help definieer in terme waarvan ons konkrete inhoud aan ons welvaartbegrip gee. Die Kerk het tweedens ook die verantwoordelikheid om die waardes in terme waarvan die bestaande strukture gelegitimeer word, aan kritiese ondersoek te onderwerp. Ek het hierbo gesê dat ons taak t.o.v. politieke en ekonomiese hervorming en struktuurverandering in die dekades wat voorlê, reduceer tot 'n dubbele waarde-aangeleentheid. In operasionele terme gestel, sou ek ook kan beweer dat ons kans op sukses in die proses van hervorming en struktuurverandering op 'n beslissende mate afhang van die mate waartoe die Protestantse kerke in S.A. hulle verantwoordelikhede t.o.v. die politiek en die ekonomie reg begryp en in staat is om dit met oortuiging uit te leef. U sal my seker nie verkwelik as ek sê dat die optrede van die Protestantse kerke in die dekades wat verby is, geensins van so 'n aard is dat dit mens tot optimisme stem nie.



A D D E N D U M1 . DIE KOUSAAL-MEGANISTIESE BENADERING VAN DIE REGS-LIBERALE DENKSTROMINGE

Die regs-liberale denkstrominge handhaaf 'n kousaal-meganistiese siening van die kapitalistiese ekonomie as synde 'n vrye mark-meganisme wat op 'n spontane of natuurlike manier tot stand gekom het as die enigste van sy soort wat logies moontlik is. Hierdie benadering beweer dat die vrye markmeganisme funksioneer in ooreenstemming met 'n (onbuigbare) wetmatigheid en dat die sukses van hierdie meganisme afhang van hoe spontaan en onbelemmerd hierdie wetmatigheid tot ontplooiing kan kom. Hierdie benadering handhaaf die siening dat die vrye markmeganisme 'n middelpuntsoekende werking het en outomaties neig na 'n toestand van ewewig en harmonie. Die siening of model van die benadering is dus aprioreties 'n ewewigsmodel. Die implesiete veronderstelling is dat die middelpuntsoekende kragte te alle tye die oorhand het oor middelpuntvlietende kragte. Die organisatoriese werking van mededinging word besonder sterk beklemtoon, maar dit word hoegenaamd nie as 'n potensiële bron van konflik gesien nie, maar as deel van die meganisme wat die markdeelnemers dissiplineer en die situasie in ewewig hou.

Ekonomiese beleid moet volgens hierdie benadering daarop bereken wees om die doeltreffendheid van die vrye markmeganisme te verhoog deur alle faktore wat ekonomiese wetmatigheid belemmer, uit die weg te ruim. Mettertyd het dié besondere klem gelê op beleidsmaatreëls om mededinging te bevorder en monopolistiese magsvorming teen te werk. Ten spyte hiervan het monopolistiese magsvorming eerder toegeneem as afgeneem. Hierdie benadering is essensieël individue-georiënteer en beskou die gemeenskap as die som van sy samestellende (individuele) dele. Die gemeenskap ontleen sy bestaan en sy legitimititeit uit 'n



sosiale kontrak wat individue vrylik aangegaan het ter handhawing van die gewaande regte en vryhede van individue. Die werking van die vryemarkmeganisme (ofte wel die sg. Onsigbare Hand) verseker dat die gemeenskap se belange (die Algemene Belang) op 'n spontane wyse bevorder word ongeag die bedoelinge van die individuele markdeelnemers. Die veronderstelling (sedert Adam Smith) is dat die werking van die kousaal-meganistiese mark die Algemene Belang spontaan sal definieer en bevorder. Dit impliseer dat nog individue, nog die gemeenskap hulle doelbewus hoef te bekommer oor wat die Algemene Belang is of behoort te wees nie. Dit is dan ook besonder opvallend dat al die skole wat tot hierdie paradigmadiese benadering behoort, meesal die waardes wat Vooruitgang of Sosiale Welvaart (of wat ookal as oorkoepelende doelwit aanvaar word) definieer, verwaarloos. Dit is dan ook nie verbasend dat hierdie skole stilswyend aanvaar dat die grootte van die volksproduk, óf die BNP, óf die per capita-BNP 'n voldoende maatstaf is om die sukses van ekonomiese aktiwiteit te meet nie!

Hierdie skole gaan ook uit van die veronderstelling dat 'n bevredigende mate van verbruikersoewereiniteit bestaan en dat wat partikuliere behoeftes betref daar nie alleen doeltreffendheid is in die aanwending van skaars produksiefaktore nie, maar dat die sg. allokasieprobleem ook op so 'n bevredigende wyse opgelos word. Daar word beweer dat verbruikersoewereiniteit verseker dat (partikuliere) behoeftes min of meer in rangorde van belangrikheid bevredig word. Alhoewel skole in hierdie denkstrominge hulle teësinig vereenselwig het met die feit van 'n relatief groot owerheidsektor, bly hulle vyandig ingestel teenoor die rol wat die staat in die ekonomie speel en kan hulle hierdie rol (afgesien van die anti-sikliese of stabiliteitsbeleid) nie in hulle modelle verantwoord nie. Dit bly 'n belangrike tydverdryf van hierdie skole om die burokradiese ondoeltreffendheid van die openbare sektor oor te beklemtoon en om ooreenstemmende vorme van vermorsing in die private sektor te verswyg en om hulle dan met hoogs utopiese vrye markretoriek te beywer vir 'n grootskeepse inkrumping van die owerheidsektor.

Die rol wat die owerheid moet speel om 'n gewenste mobilisasie van produksiefaktore te bewerkstellig (soos bv. in onderwys)



word erken maar kan ook nie in hulle kousaal-meganistiese modelle geïntegreer word nie. Oor die rol wat die owerheid te speel het om 'n gewenste allokasie van skaars bronne te bewerkstellig ter bevrediging van kollektiewe behoeftes en ter bevordering van die Algemene Belang of die Sosiale Welvaart, bly hierdie skole vaag en ontwykend. Hierdie skole beklemtoon doeltreffendheid en verwaarloos doelmatigheid, juis omdat hulle nie duidelikheid het oor die doelstellings (of waardes) ter wille waarvan doelmatigheid ter sprake kom nie. (They are long on efficiency but very short on effectiveness because they do not have a clear idea of the purpose for which effectiveness is needed.)

In ooreenstemming met die besondere klem wat hierdie skool op produktiwiteit en op die oplossing van die produksieprobleem lê, het hierdie denkstrominge geen ander antwoord vir die verdelingsprobleem as dat produksiefaktore in ooreenstemming met hulle (grens) produktiwiteit vergoed behoort te word nie - en volgens hulle gebeur dit ook in mededingende faktormarkte. Al daardie sosio-politieke faktore wat die (grens) produktiwiteit van produksiefaktore bepaal, val blykbaar buite die gesigsveld van die ekonome van hierdie paradigma want dit word as onbelangrik geïgnoreer. Hierdie denkstroming se oppervlakkige oplossings vir sowel die probleem omtrent die doel van ekonomiese aktiwiteite as die verdelingsprobleem dui daarop dat die regsliberale paradigma ernstig skipbreuk lei omdat dit geen standpunt oor die waardeprobleem (wat nie gelyk gestel moet word met die prysprobleem soos juis deur hierdie skole gedoen word nie!) het nie en gevolglik sy toevlug neem tot 'n meganisme wat as't ware vir die gemeenskap moet voorskryf wat sy waardes (=Sosiale Welvaart) en die verdeling van inkomste moet wees. Dit wil voorkom asof ortodokse ekonome nog steeds argumenteer asof die welvaart- en verdelingsprobleme deur 'die mark "opgelos" word en nog nie begrip het vir die rol wat demokratiese regerings deur middel van hulle "welvaartstaat" beleid daarop uitoefen nie. Dit is hoog tyd dat hierdie paradigmatiese benadering hom minder besig hou met die vermeende verdienstelike "oplossings" wat 'n vrye markmeganisme vir ekonomiese probleme bied, en meer aandag moet gee aan daardie 20ste eeuse



werklikhede wat 'n ontvlugting na vrye markretoriek hoogs on-realisties maak.

### 3. DIE HISTORIESE-MATERIALISME VAN DIE LINKS-RADIKALE DENKSTROMINGE

Die histories-materialistiese benadering van die links-radikale paradigma konsentreer op die veranderinge wat voortdurend intree in die organisasievorme of strukture waarbinne ekonomiese aktiwiteite plaasvind. Volgens hierdie benadering is daar nie soseer 'n wetmatigheid in die werking van die markmeganisme nie, maar wel 'n (historiese) wetmatigheid waarvolgens ekonomiese stelsels of strukture mekaar opvolg. In hierdie proses speel materialistiese oorwegings 'n deurslaggewende rol. Vir Marx en sy volgelinge is dit die ekonomies (materialistiese) feite van die lewe wat die "basis" vorm wat die aard van die ander aspekte van die gemeenskap (die "superstruktuur" soos die regstelsel, kultuur, religie, kuns, filosofie - dus alle waarde) bepaal. Of, meer spesifiek, die superstruktuur of waardes hang af van die tegniese produksieverhoudings van elke (struktuur-)periode.

Alle links-radikale benaderings is skerp vyandig ingestel teen kapitalisties-georiënteerde ekonomieë. Hulle sien die kapitalisme as 'n stelsel van verwronge en vergroeide strukture en beweer dat dit tot die wese van hierdie strukture behoort dat die groot meerderheid deur 'n klein minderheid geëksploiteer word. Só 'n toestand van "strukturele geweld" en die onreg wat dit behels, is volgens die radikale skole nie 'n toestand wat deur evolusionêre of demokratiese hervorming verbeter of uit die weggeruim kan word nie. Intendeel. Al sou die uitbuiting en die onreg van "strukturele geweld" hoe betreurenswaardig vir die radikale skole wees, het dit vir hierdie skole 'n histories-funksionele betekenis omdat die onreg en uitbuiting wat deur die meerderheid ervaar word noodsaaklik is om 'n "klassebewussyn" te skep. Hierdie "klassebewussyn" verteenwoordig enersyds 'n haat en 'n afkeur teen kapitalisme en teen alle kapitalistiese instellings soos private eiendom, eie-belang, groepsbelange en dit bring die legitimiteit van die kapitalistiese stelsel in die gedrang. Andersyds skerp die "klassebewussyn" 'n "bewussyn" omtrent die gemeenskaplikheid en die gemeensaamheid van belange. Vir Marx en sy radikale volgelinge verteenwoordig kapitalisme dus 'n belangrike en onontbeerlike fase waarin die uitbuiting en onreg teenoor die meerderheid 'n noodsaaklike verandering in die natuur van die mens meebring of "afdwing" - 'n verandering waardeur die individualistiese en egoïstiese natuur van die mens "afgelê" en die gemeenskaps-natuur (die kommuniale natuur) uiteindelik sal seëvier! Slegs wanneer



die massa in 'n voldoende mate deur die "hel" van kapitalistiese uitbuiting gegaan het - so word beweer - sal hulle spontaan in 'n revolusionêre opstand die stelsel (d.w.s. al die verwronge en onverbeterbare strukture) omverwerp en sal strukture wat pas by die nuwe natuur van die mens hulle beslag kry. In teenstelling tot die regs-liberale paradigma oorbeklemtoon die links-radikale paradigma die verdelingsprobleem en die spanning en botsing tussen die verskillende klasse of groepe in 'n gemeenskap. Hulle bedien hulle met 'n siening of 'n model van die ekonomie wat essensieël 'n konflikmodel is en welliswaar konflik omsluit wat nie besweer kan word nie en onvermydelik op 'n gewelddadige uitbarsting moet uitloop. Vir hulle is die ekonomie noodwendig 'n zero-som spel. Alhoewel die links-radikale paradigma die belangrikheid van tegnologiese vooruitgang erken en 'n belangrike plek daaraan toeken in die verskuiwende spanning of konflikverhoudings tussen sosio-ekonomiese klasse, is hierdie benadering geneig om die belangrikheid van produksie-aktiwiteite en van 'n (tegnologies) doeltreffender aanwending van produksiefaktore totaal te onderskat.

Net soos die regs-liberale skole het hierdie skole ook nie 'n selfstandige siening oor waardes nie. Terwyl eg. dit oorlaat aan die meganisme (die Onsigbare Hand) om die gemeenskap sy waardes te "definieer", laat lg. dit aan die historiese materialistiese gang van die geskiedenis oor om te bepaal wat die waardes van die gemeenskap sal of behoort te wees. In 'n veel groter mate as die regs-liberale skole ruim hierdie benadering geen plek in vir die vrye keuse van die mens nie. Terwyl die liberale benadering veronderstel dat die mark 'n toereikende meganisme is om die voorkeure en waardes van die gemeenskap te meet of te registreer, is die links-radikale benadering van mening dat alle waardes deur materialistiese bepaalde gang van die geskiedenis bepaal word.